KOUGA MUNISIPALITEIT (OK108)

KENNISGEWING NO. 30/2009

OPENBARE BEKENDMAKING: BESIGTIGING VAN ALGEMENE SKATTINGSROL :

INDIENING VAN BESWARE

Kennisgewing geskied hiermee ooreenkomstig die bepalings van artikel 49(1)(a)(i) saamgelees met artikel 78(2) van die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting Wet No 6 van 2004, soos gewysig, dat die Algemene Skattingsrol vir die Kouga Munisipaliteit vir die tydperk 1 Julie 2009 tot 30 Junie 2013 ter insae lê by die Munisipaliteit se hoofkantoor te Jeffreysbaai sowel as by alle satalietkantore en biblioteke binne die regsgebied van die Kouga Munisipaliteit gedurende die tydperk 19 Februarie 2009 tot 31 Maart 2009.

Die Rol, asook die voorgeskrewe vorm waarop beswaar aangeteken moet word is ook beskikbaar via die Munisipale Webtuiste www.kougamunicipality.gov.za

Geliewe kennis te neem dat die indiening van besware teen 12:00 op 31 Maart 2009 sluit.

Ooreenkomstig die bepalings van artikel 49(1)(a))ii) saamgelees met artikel 78(2) van die Wet, word 'n uitnodiging hierby gerig aan enige eienaar of ander persoon wat 'n beswaar wil aanteken ten opsigte van enige waardasie wat óf aangetoon óf weggelaat is van die Rol, om dit binne die tydperk daarvoor toegelaat, op die voorgeskrewe vorm aan die Munisipale Bestuurder te rig.

Aandag word pertinent gevestig op die bepalings van artikel 50(2) wat bepaal dat 'n beswaar in verhouding moet wees tot 'n spesifieke individuele eiendom en nie teen die Rol as sulks nie.

Aandag word verder gevestig op die bepalings van artikel 50(3) van die Wet wat bepaal dat 'n Munisipale Bestuurder bystand sal verleen aan 'n beswaarmaker wat nie kan lees of skryf nie en wat hulp benodig om sy beswaar in te dien. Persone word aangemoedig om via die Hulplyn by telefoon 042-2002298 met die Munisipaliteit kontak te maak.

Publieke vergaderings sal plaasvind soos hieronder aangedui:

DATUM	TYD	WYK	AREA	PLEK
23 Februarie 2009	18:00	Wyk 1	Sea-Vista en Oesterbaai	Sea Vista Gemeenskapsaal
24 Februarie 2009	18:00	Wyk 7	Thornhill	Thornhill Klubhuis
25 Februarie 2009	18:00	Wyk 7	Loerie	Loerie Gemeenskapsaal
26 Februarie 2009	18:00	Wyk 9	Centerton	Vusumzi Landu Saal
3 Maart 2009	18:00	Wyk 7	Weston	Weston Gemeenskapsaal
4 Maart 2009	18:00	Wyk 10	Patensie	Ramaphosa Gemeenskapsaal
16 Maart 2009	18:00	Wyk 3	Jeffreysbaai	Newton Saal
18 Maart 2009	18:00	Wyk 2 & 8	Jeffreysbaai	Pellsrus Saal
2 Maart 2009	18:00	Wyk 4 & 5	Humansdorp	Kruisfontein Gemeenskapsaal
17 Maart 2009	18:00	Wyk 6	Humansdorp	Kwanomzamo Gemeenskapsaal

Besware wat met die woorde "Aandag: Waardasies" geëndosseer is, kan voor die sluitingsdatum per e-pos aan valuations@ec108.org.za ***gestuur word;***

of

Na die onderstaande adres gepos word:
Posadres: Kouga Munisipaliteit, Posbus 21, **Jeffreysbaai**, 6330

of

By die onderstaande adres afgelewer word:
Straatadres: Kouga Munisipaliteit, Da Gamastraat 33, **Jeffreysbaai**, 6330

DR. E M RANKWANA
MUNISIPALE BESTUURDER

POSBUS 21
JEFFREYSBAAI
6330